Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 17/07 2020

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Bedankings</u>:**
    - Groot dank aan elke borg wat bereid is om ook in hierdie moeilike tyd, nogsteeds McLachlan se deure oop te hou. U ondersteuning word hoog op prys gestel en opreg waardeer. Elke leerder en personeellid van McLachlan salueer u as borge en weldoener.

PLATINUM BORGE

A business of AECI Plant & Animal Health ™

mpact smarter, sustainable solutions

NULANDIS One in crop health · Een in gewasgesondheid

FRESHGOLD INSPIRED BY NATURE. DRIVEN BY PASSION.

GOUE BORGE

Tulpieskraal BOERDERY

SAFPRO SA FRUIT PROMOTERS (PTY) LTD

Growing in Partnership

SILWER BORGE

SSK
Tel: 028 514 8600
www.ssk.co.za

Agri Land

Vredendal Boerdery

NITROPHOSKA
KUNSMIS | FERTILISER

BRONS BORGE

HORTEC

BASF
We create chemistry

AGRIMARK

supa quick
TYRE EXPERTS
Joubertina
Tel: 042 273 1907

S&K
STRYDOM & KRITZINGER
VENNOOTSKAP

goldenharvest
fresh-picked sunshine goodness - everyday!

MOORE

mpact
smarter, sustainable solutions
Versapak - Paarl

B&J Handelaars

SPECTRA

4PACK

CORRUSEAL
GROUP
Better Packaging for a Better World

InteliGro
intelligent crop solutions

BEHEERRAADSPOS BORGE

SSK
Tel: 028 514 8600
www.ssk.co.za

Agri Land

2. **<u>VCSV – Leerderondersteuning</u>:**
   Baie leerders ondervind in die onsekere Corona-tyd spanning, depressie, angs, woede en negatiewe gevoelens wat hulle sukkel om te verwoord òf voel niemand wil of kan hulle hoor nie. Die VCSV het ‘n kindervriendelike ondersteuningsgroep met behulp van hulle personeel gevorm waar leerders kan gaan aanklop vir hulp. Dit kan deur die VCSV-webblad bereik word met ‘n aanlyngesprekslyn/-kamer by www.vcsv.co.za en kliek dan op “chat with us” om toegang te verkry.

   Leerders se gesprekke kan dan via e-posse/whatsapps/telefonies opgevolg word deur die beraders en voorbidders.

   Skep asb vir u kind ‘n ruimte waarin hulle kan praat en hulle gevoelens kan lug.

   Vir ons HS-tieners is daar ook hulp en ondersteuningsmaterial by die Roadtrip247-webblad en toep (app.) beskikbaar. Dit is ‘n gratis toep vir elke selfoon.

INTERNET GENERATION
igen
internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

3. **<u>VCSV-2020 Werkskeppingsplan</u>:**
   Weens die Covid-19-pandemie-inperkings was daar geen inkomste vir ons Oos-Kaap-VCSV-kampterrein en al sy personeel nie. Die hele VCSV-organisasie beleef finansieel tans die moeilikste tyd in ons geskiedenis van 124 jaar se bediening. Baie personeel moes gesorg het vir ‘n eie inkomste weens die inperking.

   Matthys Cronje van ZI Fogging het R500 aan HS McL belowe vir elke transaksie wat hulle in ons skoolgemeenskap, besighede en plase doen om geboue en terreine a.g.v. die coronavirus te ontsmet.

   ZI Fogging gee ‘n ontsmettingsertifikaat as bewys. ZI Fogging gebruik die beste geakkrediteerde en geregistreerde produk ADI teen die billikste prys. Bestuurders en eienaars kan Matthys Cronje direk kontak of d.m.v. die skoolsekretaresse met hom skakel by 072 196 8437.

4. **<u>Bustye</u>:**
   Die roetebustye vanaf **Maandag, 20 Julie,** is as volg:

Misgund:	06:45
Louterwater:	07:00
Krakeelrivier:	07:00

5. **<u>Nuutste datums vir terugkeer van grade</u>:**
   Volgens instruksie 37, gedateer 5 Julie 2020 van die Superintendent-Generaal, mnr. T. Kojana, is die terugkeerdatums van die **Oos-Kaap** skole as volg:

Graad 3:	20 Julie 2020
Graad 4, 9, 10:	27 Julie 2020
Graad 5, 8:	3 Augustus 2020
Graad 1, 2:	12 Augustus 2020

   U sal van enige veranderinge in kennis gestel word.

6. **<u>Covid-19</u>:**
   Geen persoon anders as leerders en beamptes (personeel) mag die skoolterrein betree sonder vooraf toestemming van die skoolhoof nie. Ouers moet asseblief die sekretaresse kontak vir ‘n afspraak met die skoolhoof en personeel.

   Ouers moet asseblief seker maak dat kinders met die regte maskers skool toe kom. Geen leerder sal op die skoolterrein toegelaat word sonder 'n masker nie. Skoolmaskers is teen R15 by Spektrum te koop.

   Alle leerders wat van Hoërskool McLachlan en die Departement van Onderwys se busvervoerdiens gebruik maak, moet op die bus wees met 'n masker.

   'n Leerder moet tuis bly indien hy/sy enige van die volgende simptome toon:
   - Koors
   - Hoes
   - Rooi oë
   - Asemhalingsprobleme
   - Liggaamspyn

INTERNET GENERATION
Igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

- Moegheid of swakheid
- Verlies aan reuk en smaak
- Naarheid
- Braking

Ouers moet die skool dadelik hiervan in kennis stel en 'n kliniek- of doktersertifikaat skool toe stuur.

7. **Grannor Passi-projek:**
   Hoërskool McLachlan loods weer in 2020 die Granor Passi-projek. Langkloofprodusente kan vrugte by die sapfabriek onder Hoërskool McLachlan se naam lewer. Die nommer waaronder u dit moet lewer, is **019**. Hierdie is 'n geleentheid vir die boerderygemeenskap om die skool te ondersteun. Ons skool het baie finansiële uitdagings en weet met hierdie projek sal u 'n groot verskil kan maak. Die inkomste van die projek sal direk deur Granor Passi in McLachlan se rekening inbetaal word.

   Ons moedig produsente aan om aan hierdie projek deel te neem en sodoende 'n verskil te maak aan ons kinders se toekoms by Hoërskool McLachlan. Die skool is die hart van die gemeenskap en met u bydrae sal ons sy voortbestaan kan verseker.

8. **WEN 'n KIA-PICANTO (2020)-fondsinsamelingsprojek:**
   Inbetaling word by die registeronderwysers gedoen. Die laaste datum van inbetaling is **9 Oktober 2020**.

   - ✓ U as ouer is verantwoordelik vir die boekie en indien u dit verloor, sal u aanspreeklik gehou word vir die inbetaling van R500.
   - ✓ Leerders wat 'n tweede boekie wil verkoop, kan daarvoor vra na die eerste inbetaling.
   - ✓ Die wenner van die Kia-Picanto (2020) word in November aangewys.

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za
McLachlan Internet Fasiliteit